### *Deemoedig deur die sonde*

**209** **Ek** (**JaHshua**) sê: "Heeltemal, want so is dit! En Ek sê vir julle, **wie nie word soos die tollenaar nie, sal sekerlik nie in My Ryk inkom nie;** want ook vir My kan liefdelose reinheid van sedes maar vir ewig gesteel word!

[2] Helaas, `n vrye, ware, innerlike, sedelike reinheid **met** egte, **alles-opofferende naasteliefde** staan by My bo alles; maar dit wat ons by die kluisenaar gesien het, is by My nie 'n stater werd nie. Wie rein is, moet in sy hart rein wees vir Elohim, maar die wêreld hoef nie so baie daarvan te weet nie; want as hulle hom daarvoor prys, sal hy van My weinig lof kan verwag.

[3] Dit is die beste as `n mens maar altyd dink: 'O Meester, wees my sondaar barmhartig!', en niemand oor iets slegs veroordeel nie, vir sy vyande bid, en altyd selfs aan hulle nog goed doen wat kwaad oor hom praat en hom, selfs moontlik ook kwaad aandoen.

[4] Waarlik, wie so is en so doen, is nie net rein voor My nie - ook al het hy nog soveel sonde op hom gelaai wat sy liggaam hom so nou en dan laat begaan - **maar hy is My volkome broer en naas My `n koning van die hemele en al haar heerlikhede!** Want ook al word die liggaam van die mens dikwels deur slegte demone verlei, die siel bevind haar tog steeds in My gees.

[5] Dikwels moet die engele in die hel in, die poel van alle sonde, afdaal, maar by hul terugkoms is hulle weer net so rein as voorheen in die hoogste van alle hemele. En dikwels is dit met My broers op hierdie aarde dieselfde: ook al daal hulle uiterlik dikwels in die hel neer, om ook daar die goddelike orde en die mag van die goddelike wil staande te hou, **dan bly hul siele tog suiwer deur die saamgaan van My gees in haar**.

[6] Kortom, iemand wat deur die sonde so deemoedig word soos ons tollenaar, het deur die sonde net soos `n engel slegs vir `n oomblik in die hel afgedaal om daar rus en orde te skep. By sy terugkoms is hy egter vervul van afsku en sy siel is net so suiwer as voorheen. Maar `n sondaar wat deur sy sonde maar net hoogmoedig word, en wat as sondaar hoogmoedig bly, is al `n duiwel, al sien hy daar uiterlik vir die mense nog so rein uit.

[7] Maar Ek sê aan julle almal: Watter sondaars en sondaresse ookal hulpsoekend by julle sal aanklop, julle mag hulle nooit die deur wys nie, **maar julle moet hulle help asof hulle nooit gesondig het nie**. En as julle hulle gehelp het, moet julle daarna ook alles doen om vir die toekoms die sondaars liefdevol en wys te help, maar dan wel **met `n wysheid wat slegs uit liefde voortkom!**

[8] `n Egbreekster is by die Judeërs volgens Moses `n sondares, wat dadelik deur elkeen wat haar eerste na die daad ontmoet, gestenig moet word. Ek sê egter vir julle: Wie die vlugtende in sy huis opneem en haar tweevoudig probeer red - geestelik en liggaamlik - sal eendag deur My met vriendelike oë aangekyk word en sy skuld sal in die verganklike sand geskryf word, waarvan die wind die rimpels verwaai! Wie egter `n klip na haar gooi en self nie van elke sonde vry is nie, sal eenmaal deur My aan `n streng oordeel onderwerp word! **Want wie vir My terugbring wat verlore was, sal eendag in die hemelryk waardig bevind word om `n groot loon te ontvang;** maar wie oordeel, ook al is dit regverdig volgens die wet, sal eendag ook regverdig en streng volgens My wet geoordeel word!"

[9] Toe vra **Cyrenius**: "Meester, wat U nou gesê het, is helder en waaragtig behalwe één punt, wat vir my nog ietwat onduidelik is, en dit sou ek graag nog uitgelê wou hê. Daardie onduidelike punt is: - "

[10] **Ek** sê: "Die onduidelike punt is: hoe `n origens rein mens deur `n met sy liggaam begane sonde in die hel kan afdaal, daar orde en rus kan skep en vervolgens weer algeheel rein daaruit kan terugkeer.

[11] Kyk, dit is maklik te verstane as `n mens maar weet wat eintlik sonde en hel is, sowel as in `n heel beperkte asook in `n baie uitgebreide sin! - Daarom sal Ek probeer om hierdie twee begrippe vir julle ietwat duideliker te maak; let daarom met julle hele hart op!"

### *Wat is die liggaam, wat is die siel*

**210** "Die liggaam is materie en is saamgestel uit die ergste selfstandige deel van die oersiel, wat deur die Mag en die Wysheid van die goddelike, ewige Gees in hierdie organiese vorm gehou word. Die vryer siel, wat so `n liggaamlike vorm bewoon, word daardeur geheel en al van al die nodige voorsien.

[2] Die in `n liggaam wonende siel is natuurlik in die begin nie baie reiner as die liggaam nie, omdat ook sy afstam van die onreine oersiel van die gevalle satan. Die liggaam is vir die nog onsuiwere siel eintlik niks anders as **`n heel wyse en heel goeie en doelmatig ingerigte suiweringsmasjien nie.**

[3] Maar **in die siel** woon al die suiwere vonk van die Gees van Elohim, waaruit die ware selfkennis en die goddelike orde hom kenbaar maak **deur die stem van die gewete.**

[4] Tewens is die liggaam na buite toe van allerlei sintuie voorsien en kan hoor, sien, voel, ruik en proe. Daarmee kry die siel allerlei inligting oor die buitewêreld, goeie en korrekte, slegte en verkeerde.

[5] Deur die oordeel van die gees wat in haar woon voel sy weldra wat goed en wat sleg is. Daarnaas doen sy deur die uitwendige sintuie ervaring op, deur goeie en slegte, aangename en pynlike, en ander indrukke. Bowendien toon Elohim die siel, innerlik deur buitengewone openbaringe en uiterlik deur die woord, **die weg van Sy orde**.

[6] So toegerus, kan die siel dan ongetwyfeld geheel en al volgens die maklik te ontdekte goddelike orde, in staat wees om vrylik te kies. `n Ander moontlikheid is daar nie, omdat die siel dan onmoontlik tot `n ewigdurende, op sigself geslote, maar vrye bestaan sou kon kom nie.

[7] Want elke siel wat wil voortbestaan, moet haar deur die middele wat aan haar gegee is sélf vir daardie voortbestaan vorm en ontplooi, omdat sy anders uiteindelik die lot van die liggaam sal deel. Of - slegs driekwart gevorm, moet sy die liggaam verlaat wanneer dit vergaan het, en nie meer deug vir die verdere volledige ontwikkeling van die siel nie. Dan sal sy haar voltooiing op `n meestal baie treurige en pynlike wyse in `n baie ongemakliker masjien moet bereik.

[8] Die liggaam is, omdat dit bestaan uit dele wat nog algeheel in die diepe oordeel staan en daarom kan doodgaan, **vir elke mens en by hom die hel in sy kleinste vorm**. Die **materie van alle wêrelde saam is egter die hel in die mees uitgebreide vorm**, waarin die mens deur sy liggaam gestel is.

[9] **Wie nou baie vir sy liggaam sorg, sorg duidelik ook vir sy persoonlike hel**. Hy voed, onderhou en maak dit vet vir sy oordeel en sy dood, vir sy persoonlike ondergang.

[10] Die liggaam moet weliswaar `n sekere voeding kry, om steeds in staat te wees om die siel vir die groot lewensdoel die korrekte dienste te verleen, maar wie te angsvallig vir sy liggaam sorg en byna dag en nag mor en werk en besig is, sorg in wese vir sy hel en sy dood.

[11] As die liggaam die siel prikkel om alles te doen vir sy sinnelike (wellustige) bevrediging, is dit altyd afkomstig van die talle onsuiwere natuur- of onder die oordeel vallende materiegeeste, wat in die aard van die saak die wese van die liggaam vorm. As die siel te veel luister na die eise van die liggaam en daaraan gehoor gee, stel sy haar daarmee in verbinding **en daal so af in haar persoonlike hel in en dus in haar persoonlike dood**. En as die siel dit doen, sondig sy teen Elohim se orde in haar.

[12] Heg die siel egter daaraan vas en skep sy behae daarin om daar te bly, dan is sy net so onrein soos die onreine- en onder die oordeel vallende geeste van haar liggaam. **Sy bevind haar dus in die hel en in die dood.** Ook al leef sy, net soos haar liggaam, verder op die wêreld, is sy tog so goed as dood en voel die dood ook in haar en is baie bang daarvoor. Want die siel kan in haar sonde en hel doen wat sy wil, die léwe kan sy tog nie vind nie, alhoewel sy dit bo alles liefhet.

[13] Kyk, dit is die rede waarom daar nou talle duisendmaal duisende mense oor `n lewe van die siel na die dood van hul liggaam net so veel weet as `n klip wat langs die pad lê. Maar as `n mens hulle iets daaroor wil vertel, lag hulle hoogstens of word selfs kwaad, jaag die wyse by die deur uit en raai hom aan om sulke dwaashede, wat maar net leuens is, aan die wilde varke te vertel!

[14] Tog moet die mens, op sy laatste wanneer hy dertig is, so ver in homself met die vorming van sy ‘ek’ klaar wees, dat die komende vrye, salige lewe na die dood van sy liggaam vir hom so bewustelik en vasstaande word as om te vlieg in die hoë vrye lug vir `n adelaar!

[15] Maar hoe ver is mense nog daarvandaan verwyder wat pas daarna begin vra het! En hoe ver dan nog diegene wat niks daaroor wil hoor nie en daardie geloof selfs so dwaas vind om nog daaroor te kan lag! - **Sulke mense bevind hulle in hul algehele aardse lewe in die volkome hel, en alreeds in die algehele dood.**

[16] Maar tog word aan `n siel wat haarself alreeds algeheel gereinig het, tog nog dikwels geruime tyd gegun om haar ydele, op sigself onsuiwere liggaam en sy geeste ook te reinig. Die edelste deel van die liggaam neem dan uit die siel uiteindelik ook die onsterflikheid in hom op, en word op die jongste dag na die dood van die grofste deel van sy wese, ter meerdere versterking van die siel, saam opgewek.

[17] By sulke reeds rein siele gebeur dit dan ook dat hulle tog so nou en dan, as hul hel, dit wil sê hul liggaam, dikwels nog baie verlokkend werk, ‘n kort tydjie in so `n persoonlike hel ingaan, met ander woorde, toegee aan die begeerte van hul liggaam en sy geeste. Hierdie siel kan dan egter nie weer volledig onrein gemaak word nie, maar is slegs vir solank onrein as wat sy haarself in die poel van haar liggaamsgeeste ophou. Sy kan dit nooit lank daarin uithou nie, en keer daarom baie gou na haar rein toestand terug, waarin sy dan weer net so rein is asof sy nooit onrein was nie. Daarby het sy in haar hel vir `n tyd rus en orde herstel en kan sy haarself vervolgens weer ongestoord in die lig van haar gees beweeg en versterk.

[18] Wie van julle `n goeie begrip het, sal dit alles heeltemal verstaan; en jy vriend Cyrenius, sê My nou onomwonde of jy dit verstaan het!"